

7. Die Here hou by sy plan met die Toring van Babel

Oergeskiedenis 5



Doelwit: Dat die juniors sal hoor dat ons nie in ons grootheidswaan in die pad van die Here se planne kan staan nie.

Bybelgedeelte: Genesis 11:1-9

Kerngedagte: Ek kan nie slimmer planne as die Here maak nie.

Kernvers: Psalm 33:11 '... Maar die planne van die Here staan altyd vas ...'



Vorbereiding

Vorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepbediening (GGB)

- Groot plakkate/ baniere/ PowerPoint-skyfies met die woorde: 'Welkom Juniors!' en 'My belangrike Bybelstories'
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met die kerngedagte en -vers vir vandag

Aansteekbord-aanbieding:

- Kaart van die Ou Nabye Ooste wat Araratberg en Babel aandui (Vgl NAV van die Bybel 1983. Vergroot kaart)
- Prent van mense wat na mekaar gekeer is
- Prent van mense wat die Toring van Babel bou
- Prent van die Toring van Babel
- Prent van mense wat weg van mekaar gekeer is

Toring-aanbieding (Alternatief vir aansteekbord-aanbieding):

- Kinders wat die karakters en die verhaal voorstel
- Verskillende kartondose van groot na klein wat op mekaar gepak word om die Toring van Babel voor te stel

PowerPoint-aanbieding (Alternatief vir aansteekbord- en tuin-aanbieding):

- Elke karakter en gebeure kan net bygevoeg word soos die vertelling vorder.
- Pragtige prente kan op Google gekry word.

Vorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)

- Berei die KGB as 'n geheel voor. Voorsien inkleurkryte.
- /Die KGL fasiliteer die Pretaktiwiteit.



Ontvangs

Ontvangs en speletjies

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Opruimtyd

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



Grootgroepbediening (GGB)

Gebed

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Verwelkoming en gelukwensings

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Sang

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Lees

Daar kan selektief uit Genesis 11:1-9 gelees word.

Boodskap

Agtergrondinligting

Vir die GGL: Die Sinarvlakte: 'n Vrugbare vlakte tussen die Tigrus- en Eufraatriviere waar daar nie klippe was nie. Die Toring van Babel: Destyds is geglo dat gode op bergtoppe woon. Omdat daar in die Sinarvlakte geen berge was nie, het die mense hoë torings, bekend as ziggoerats, as plaasvervangers gebou. Die torings is tragsgewys van groot na klein van onder na bo gebou. Opgrawings het bevestig dat een so 'n ziggoerat 'n basis van 90 vierkante meter en 'n hoogte van 110 meter gehad het. Die bedoeling was dat dit 'n ontmoetingsplek tussen gode en mense sou wees. Die bestaan van ziggoerats het waarskynlik tot die verhaal van die Toring van Babel aanleiding gegee. Die 'toring waarvan die punt tot in die hemel reik' (v 4): 'n Aanduiding van hulle ambisie om met God te wil kompeteer of dan (in kindertaal en in konteks) om 'n slimmer plan as die Here te wil maak. 'Ons maak so vir ons 'n naam' (v 4): 'n Aanduiding van hulle hoogmoed of aanmatiging of (in kindertaal) om baie van hulleself te dink.

Vir die kind: Verduidelik die volgende woorde. 'n Vlakke: 'n Plat stuk aarde waar daar niks berge is nie. 'n Stad: 'n Baie groot dorp. 'n (Af)god: 'n Kamma-kamma god wat nie kan praat, hoor, sien, voel, ruik of proe nie. 'n (Af)god lewe nie regtig nie. Die Here van die Bybel is die enigste God wat regtig lewe.

Inleiding

Maats, nadat die Here aan die begin vir Adam en Eva gemaak het, het Hy vir hulle gesê dat hulle kinders moet kry en oor die hele aarde moet gaan bly (Gen 1:28). Julle onthou seker van verlede Sondag dat die mense ná Adam en Eva baie slegte en verkeerde dinge gedoen het en dat die Here toe die hele aarde in die baie reënwater laat verdrink het? Hoe kon die mense nou oor die hele aarde gaan bly? Maar Noag was lief vir die Here. Die Here het vir Noag en sy familie in die ark bewaar. Hy het met hulle weer alles oor begin. Die Here het toe ook vir Noag en sy seuns gesê dat hulle kinders moet kry en oor die hele aarde moet gaan bly (Gen 9:1). *Só het die Here gesorg dat sy plan nie gekeer word dat die mense oor die hele aarde moet bly nie. Sal dit so bly?*

Spanningslyn

Julle onthou nou ook dat Noag se ark op die berg Ararat vasgesit het toe die baie reënwater gesak het? Dis daar waar Noag en die mense na hom eers gebly het. (Wys na Araratberg op kaart.)

Die mense het toe van die berg Ararat weggetrek en in die vlakte van Sinar gekom (Wys op kaart roete van Araratberg-omgewing na Babel-omgewing.) In 'n vlakte is daar mos nie berge nie. Maar daar was twee baie groot riviere met baie water. Daar was genoeg water vir die plante, diere en al die mense. Ek dink daar was daarom somer lekker baie kos vir almal gewees. Daar was ook niks lastige klippe in hierdie vlakte nie. O, ek dink die mense het somer baie lekker saam met mekaar hier in die vlakte van Sinar gebly. (Aansteekbord-aanbieding: Wys prent van mense wat na mekaar gekeer is. Alternatiewe toring-aanbieding: Laat groepie kinders na mekaar toe draai en gelukkig lyk.) Hoekom sou hulle oor die hele aarde wou gaan bly as hulle so lekker op een plek bly?

Die mense hier het almal ook n t  en taal gepraat. Party mense het nie Afrikaans en ander Zoeloe en ander Grieks en ander Portugees gepraat nie. Nee, hulle het almal n t  en taal gepraat. Hulle kon mekaar daarom mooi verstaan. Dit het ook gehelp dat die mense lekker saam met mekaar gebly het. Die een taal wat hulle gepraat het, was soos gom wat hulle bymekaar gehou het. Ja, hoekom sou hulle oor die hele aarde wou gaan bly as hulle so lekker op een plek bly? (Aansteekbord-aanbieding: Wys weer prent van mense wat na mekaar gekeer is. Alternatiewe toring-aanbieding: Laat groepie kinders weer na mekaar toe draai en gelukkig lyk.)

Op 'n dag maak hulle toe 'n plan. (Alternatiewe toring-aanbieding: Laat groepie kinders maak of hulle konsulteer.) 'Kom ons bou vir ons 'n stad met 'n baie ho  toring wat tot by die hemel kom. Dan sal ons nie oor die hele aarde hoef te gaan bly nie.'

Die mense van daardie tyd het geglo dat hulle gode op die hoogste punte van die berge bly. Omdat daar nie berge in die vlakte was nie, het hulle toe baie ho  torings gebou om by hulle gode uit te kom. So wou die mense dan die toring bou om tot by die hemel uit te kom. Hulle het gedink dat hulle so by die Here kan uitkom. D ar sou hulle dan in kompetisie met die Here kon gaan. *Hulle wou kyk of hulle nie 'n slimmer plan as die Here kan maak nie. Die Here se plan was dat hulle oor die hele aarde moes bly. Hulle slimmer plan was om 'n groot stad en toring te bou dat hulle net op een plek hoef te bly. O, hulle het darem baie van hulleself gedink, n  Maats? (Wys gesigsuitdrukking van afkeer aan hoogmoed.) Hoe lyk iemand wat baie van homself dink? ... Ja, hy kyk in jou o  en dan maak hy sy spiere so ste-rrrk. (Wys.)*

Daar was mos nie klippe in die vlakte waarmee hulle kon bou nie. Hulle het toe stene van klei gemaak wat hulle in die vuur gebrand het om hard te word. Daar was ook nog nie sement nie. Hulle het hierdie klipharde kleistene met iets amper soos baie sterk teer aanmekaar vasgesit. Hulle het toe begin om die stad en toring hiervan te bou.

Ek dink hulle het dalk eers 'n baie sterk en ho  muur om die stad gebou. Dit sou keer dat skelms en vyande in die stad kon inkom. En binne die muur het hulle die ho  toring gebou. Die toring het baie verdiepings gehad. (Aansteekbord-aanbieding: Wys prent van mense wat die Toring van Babel bou. Alternatiewe toring-aanbieding: Illustreer dit met die groepie kinders wat kartondose van groot na klein op mekaar pak.) Die onderste verdieping was baie groot. Die tweede verdieping was 'n bietjie kleiner. Die derde verdieping was nog 'n bietjie kleiner. En so aan ... So het hulle die toring van onder af gebou. Elke volgende verdieping was 'n bietjie kleiner. (Aansteekbord-aanbieding: Wys prent van die Toring van Babel.)

Maar Maats, die toring wat hulle tot by die hemel wou bou was toe nie so hoog nie! Die toring was groot, ja, maar vir die Here was dit nog so klein! Dit was vir Hom so klein dat Hy spesiaal uit die hemel afgekome het, ja, afgekome het, om te kyk na die stad en toring wat die mense vir hulleself gebou het. Hy het ook in hulle harte ingekyk en gesien *dat hulle 'n slimmer plan as Hy wou maak.*

Klimaks

Maar hulle plan was toe nie so slim nie! Die Here het gesorg dat die mense verskillende tale begin praat. Hulle kon mekaar nie meer verstaan nie. Ek kan dink hoe die mense met hulle hande probeer verduidelik en skree en baklei toe hulle mekaar nie meer kon verstaan nie. Hulle het nie meer lekker saam hier op een plek gebly nie. (Alternatiewe toring-aanbieding: Laat groeplike kinders uitbeeld dat hulle mekaar nie meer kan verstaan nie en ook nie meer lekker saam kan bly nie.) So het die Here gekeer dat die mense die toring klaar bou. (Alternatiewe toring-aanbieding: Laat toring ineenstort.) Hulle het toe oor die hele aarde gaan bly. (Aansteekbord-aanbieding: Wys prent van mense wat weg van mekaar gekeer is. Alternatiewe toring-aanbieding: Laat die groeplike kinders weg van mekaar af draai.) *Só het die Here gewys dat mense nie slimmer planne as Hy kan maak nie.*



Afsluiting

Die stad se naam was Babel. En ons noem die toring die Toring van Babel.

Finale toepassing

Maats, ons moet ook nie dink dat ons slimmer planne as die Here kan maak nie. As die Here vir ons sê dat ons aan ons ouers of voogde gehoorsaam moet wees, moet ons nie slimmer as die Here probeer wees en net partykeer gehoorsame kinders wees nie. Of as die Here vir ons sê dat ons vir ons maats lief moet wees, moet ons nie slimmer as die Here probeer wees en dan kies vir watter maats ons lief wil wees en watter nie. Die Here sal dan vir ons op 'n stadium laat onthou wat sy plan is. Hy sal ons laat skaamkry dat ons ongehoorsaam was en ons sal dan doen wat Hy vir ons gesê het, want ons kan nie slimmer planne as die Here maak nie.

Die kinders gesels nou verder in hulle kleingroepe.



Kleingroepbediening (KGB)

Lewensdeling

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Terugvoering van vorige Ontmoeting

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Pretaktiwiteit

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Tuisaktiwiteit

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Gebed

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



Verversings

Dieselfde as by Ontmoeting 3.